Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

2021-01-19

Geagte ouers

NUUSBRIEF 1/2021

Welkom terug – ons glo en vetrou dat u na die feesseisoen steeds gesond en veilig is. 2020 het verskeie uitdagings aan ons gerig en soos die jaar tans daaruit sien gaan 2021 nie veel anders wees nie. Ek wil egter my waardering uitspreek teenoor die wyse waarop ons personeel saam met u en u kinders hierdie pandemie en gepaardgaande ontwrigtende tyd tot dusver hanteer.

Na-aanleiding van die President se toespraak en die gevolglike uitstel aan die heropening datum van skole, is die datums wat in die laaste nuusbrief van 2020 aan u deurgegee het nou nie meer van toepassing nie. Ek herhaal dus belangrike inligting, soos reeds aan u deurgegee, waarvan u moet kennis neem saam met die aangepaste datums.

AKADEMIE

Akademiese skooljaar 2021: Die 2021 akademiese skooljaar gaan dieselfde formaat in neem as wat ons verlede jaar, weens COVID-19 gehad het. Aangesien ons steeds nie die 50% leerder-kapasiteit mag oorskry nie, sal ons weer van twee leerdergroepe, nl. ‘n A-groep en B-groep gebruik maak.

Leerders in beide die Grondslagfase en Intermediêre- en Senior Fase sal skool op alternatiewe dae bywoon. *Ons doen dus weg met die week-by-die-skool en week-by-die-huis formaat wat ons verlede jaar in die GF gebruik het.*

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Klasindelings 2021: Ons het reeds die klasindelings aan u gestuur. Kontak asb. u klasonderwyser van 2020 indien u dit nie ontvang het nie. Nuwe leerders kan die skoolkantoor hiervoor kontak: admin@stulting.co.za.

Ons het ook boeties en sussies in die verskillende fases in dieselfde groepe geplaas. Maak asb. seker dat u kind/ers wel saam ingedeel is sodat hulle op die korrekte skooldae skool bywoon.

Dae by die huis: Ouers moet asb. kennis neem dat die dae wat leerders by die huis is nie *"AF"*-dae is nie. Leerders woon skool op hul skooldag by en kry huiswerk om nog dieselfde dag af te handel. Tydens die dae by die huis sal leerders konstruktief aan beplande skoolaktiwiteite deelneem waaraan hul die volgende dag rekenskap van sal moet gee.

Skole heropen in 2021 soos volg:

- Maandag 15 Februarie 2021 vir ***Groep A-leerders*** en
- Dinsdag 16 Februarie 2021 vir ***Groep B-leerders***.

Sifting vind soggens vanaf 07:00-07:30 plaas. Sifting behels die meet van die leerder se temperatuur, 'n kort vraelys t.o.v. leerder-simptome wat ervaar word asook die sanitering van die leerders se hande. Die eerste akademiese skoolperiode begin stiptelik om 07:45.

Skoolingange:

Gr. RR-3: Piet Uysstraat (07:00-07:30)
Gr. 4-7: Heughstraat (07:00-07:30)

Skooluitgange:

Gr. RR-3: Piet Uysstraat (13:00)
Gr. 4-5: Piet Uysstraat (13:30)
Gr. 6-7: Heughstraat (13:30)

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Skoolure 2021: Ons skoolure sien soos volg daaruit: Gr. RR-3: 07:30 – 13:00
Gr. 4-7: 07:30 – 13:30

Ouer-onderwyservergaderings: Om aan die vereistes van sosiale afstand te voldoen beplan ons die vergaderings soos volg. Die vergaderings begin almal om 18:00 en vind in die skoolsaal plaas. Ons versoek dat ***slegs een ouer per leerder*** die vergadering sal bywoon. Sifting begin reeds om 17:30. Maak voorsiening hiervoor en dra asb. u masker.

- Gr. RR/R: Maandag 15 Februarie
- Gr. 1: Dinsdag 16 Februarie
- Gr. 2: Woensdag 17 Februarie
- Gr. 3: Donderdag 18 Februarie
- Gr. 4: Maandag 22 Februarie
- Gr. 5: Dinsdag 23 Februarie
- Gr. 6: Woensdag 24 Februarie
- Gr. 7: Donderdag 25 Februarie

FINANSIES

Skoolgeld 2021: Baie dankie aan al ons ouers wat getrou tot die skoolfonds bydra. Die jaarlikse skoolgeld vir 2021 is: *R 13 915* (Gr. 1-7) en *R 14 520* (Gr. RR/R) per kind per jaar. 'n Eenmalige *boekfooi* van *R 500* (Gr. RR-7) is in Januarie betaalbaar.

Skoolgeld is vooruitbetaalbaar. Gebruik asb. die volgende bankbesonderhede vir maandelikse betalings: NEDBANK, Rek. #: 126 3020 119, Tak #: 126-317, Verwysing: U skoolfooiverwysingsnommer (verskyn op die skoolgeldrekeninge). Kontak asseblief die skoolkantoor by skoolfooie@stulting.co.za vir enige skoolfooie navrae.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

LEIERSKAPONTWIKKELING

Al ons Gr. 7-leerders (2021) moet Vrydag 12 Februarie 2021 om 09:30 in hul somer skooldrag by die skool rapporteer (Heughstraat). Hulle gaan almal oriëntasie ontvang aangaande hul pligte en verantwoordelikhede met die oog op die kies van prefekte gedurende die kwartaal. Ouers kan hulle weer om 12:00 afhaal.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF